VERGADERING UITVOERENDE KOMMISSIE GEHOU OP DINSDAG 3.12.56

TEENWOORDIG: Di. P.S.Z. Coetzee, L. Nel en Sendingsekretaris.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

1. BEVESTIGING DS. L.L. NEL:

Die bevestiging sal plaasvind op Woensdag 6 Februarie om 7.30 n.m. in De Bloem Kerk.

Bevestigingsrede: Ds. D.G. v.d. Merwe.

Offisiële bevestiging: Ds. P.S.Z. Coetzee.

Intreepreek: Sondag 10 Maart, Bloemfontein Noord Kerkgebou.

2. VERGADERING INTER-KERKLIKE KOMMISSIE:

Sal gehou word op 7 Februarie om 11 v.m., Bloemfontein.

3. VERGADERING MET MODERATUUR INSAKE BESLUITE VOLKSKONGRES i.v.m. SENDING:

Die Kommissie voel dat voordat die verteenwoordiger van die O.V.S. Sabra Hoofbestuur sal ontmoet, daar eers 'n vergadering van die Moderatuur en die U.K. van die S.A.B.K. sal plaasvind.
Die Voorsitter sal probeer reël vir die 12de Desember te Senekal.

(a) Fondse: Die Kommissie voel egter dat die aanbeveling i.v.m. fondse nie aanvaar kan word nie.

(b) Inter-kerklike Sendingraad: Dit word aanbeveel vir bespreking, maar dit moet vooruitgegaan word deur 'n inter-kerklike samespreking.

4. Die Sendingsekretaris gee informasie i.v.m. geldelike implikasies te Witsieshoek. Vir kennisgewing aangeneem.

Ds. L.L. Nel sluit die vergadering met gebed.